#10 2025

Suidwes-Kaap

SUID-AFRIKAANSE WOONWA ASSOSIASIE

# NAWEEK IN BEELD

**10 tot 12 Oktober 2025**

## Doringlaagte Resort



Vroëer die week het ‘n bus uitgebrand in die Hugenote tonnel. Dit het veroorsaak dat die tonnel geluit is vir ‘n onbeperkte tyd. Onder mekaar word daar gepraat oor moontlike ander roetes om na Doringlaagte te ry. Die maklikste lyk Welligton, Tulbagh,Wolseley, Worcester, Robertson, Ashton en dan Montagu. Teen laat Woensdag kry ons ’n boodskap die tonnel is oop. Spoed is verlaag na 40km/uur. Dit was goeie nuus. Die wat vroeër gaan kamp het, het die ompad gery. Doringlaagte is geleë net buite Montagu op ‘n plaas met ‘n groot dam. Hier is genoeg bome en mooi gras by elke staanplek. Alhoewel daar heelwat mense by die oord was, is dit stil en rustig. Van ons lede het soos gewoontlik al vroeër die week deur gekom en daar sal ook ‘n paar langer as die naweek staan. Heelwat van ons gereelde kampers het ander verpligtinge gehad die naweek. Nienke Snyman is die bestuurslid verantwoordelik vir die kamp. Sy was goed bygestaan deur haar man Eloff.




Terwyl die son sak en die voëls stil word, lyk die dam soos ‘n spieël. Daar is nie ‘n windjie wat waai nie. Die gedeelte van die dam was vol riete en hulle is besig om die riete uit te roei met ‘n gif wat nie die visse in die dam affekteer nie.
Ons het gou geleer om ons woonwaens se deure toe te hou in die aand want die muggies kom in hul hordes na die lig toe.







Vrydagaand kom ons almal bymekaar onder die Lapa vir Boekevat en inteken. Eloff het vir ons die Boekevat waargeneem.
Die program vir die naweek is om Saterdag die Algemene jaar vergadering te volg op 'n TV terwyl Voorsitter pieter Henning en Nienke Snyman vir ons instaan as afgevaardiges. Later sal daar knypkoeke (jaffels) gemaak word om te verkoop onder die lede.
Daar is ook geleëntheid om saam Bingo te speel.
Sondag is 9h00 kerk en voorsitters tee.



Voorsitter Pieter Henning is klokslag altyd op sy pos. Pieter, dankie vir jou wat die klankstelsel saamry en sorg dat dit opgestel en gebêre word na gebruik. Dan is daar ook musiek wat in die agtergrond speel as ons bymekaar kom. Die dinge gebeur nie sommer vanself nie. Ons waardeer dit, Pieter.
Hy het ook almal welkom geheet en uitgenooi om môre oggend daar by hulle die Algemene Jaarvergadering by te woon.









Nienke het 'n groot voet operasie ondergaan. Seer voet en al het sy haar goed gekwyt van haar taak vir die naweek.

Ek sê altyd—by 'n inteken leer jy die lede ken, veral as jy nuut is by 'n streek.






As jy in Montagu, is moet jy ‘n draai gaan maak by Capedry se droë vrugte winkel. Daar is ook ‘n lekker eetplek.












Saterdag

Doringlaagte uit die lug gesien. Dankie,
Eloff vir die foto.




KOM TREK SAAM
S.A.W.A.
S.A.C.A.
Nasionale Vergadering
2025




So word daar vergadering gehou, al die streke en gebiede, vanuit hul tuiste. Soos die vergadering aangaan, kom mens agter hier is baie tyd ingesit om dit te maak werk.




Hier word gestem per selfoon.

Mollie het ook die vergadering bygewoon.



Die voorstelle wat tot stemmimg gegaan het, is ja voor gestem.

<u>VOORSTELLING VAN DIE DAGKANTOORLEDE VIR 2025/2026.</u>

Die onderstaande lede is onbestrede in hulle poste verkies.

Voorsitter: Niël Goslett
Sekretaris: Martin Rix
Penningmeester: Chris Joubert

Baie geluk. Ons wens julle sterkte toe vir die volgende termyn.
Baie dankie vir dit wat ingesit word sodat ons as Sawanante kan kamp.






Saterdagmiddag word daar Bingo gespeel vir die wat wou deelneem. Dankie, Nienke en Arina wat dit aangebied het.

B
I
n
g
o

1 4
2 5

9 3










Hier is baie aktiwiteite vir die kinders.














# Broodpoeding






Ons hier in SWK het al daaraan gewoond geraak dat ons na jaffels maak die korsies verander in die lekkerste broodpoeding.
Hier was genoeg vir ‘n 2de skeppie.
Dit word net beter en beter.
Baie dankie julle.






Die outjie se  een voet het iewers seer gekry. Hy het nie tone nie.



Hierdie Janfrederik ( Cape Robin Chat ) het langs ons woonwa in die bosse baljaar. Die spikkel een is nog ‘n jong voëltjie.









Saterdagaand het die vure hoog gebrand en die braaivleisreuk het in die lug gehang.






Petrus Theron


A7
Petrus Theron



Sondag is weer ‘n windstil dag en die oord lyk prentjie mooi.






Andre Potgieter het Sondag vir ons 'n kort boodskap gegee oor GEE.
Dankie Andre.






Daar word gegroet en  ons hoor ook dat die padwerke tussen Worcester en Robertson nie ry stop oor ‘n naweek het nie. Veilig sleep

‘n Klompie van ons staan nog ‘n nag of 2.



# Toekennings



Mariëtte van der Vyver

30  Streek

Danny en Teresa le Roux

110  Streek





Andre en Riana Potgieter

225  Algemeen



William & Arina Swatton

40  Streek
Kampleiers



Gaste
Anton & Marisa Swatton
Huibre Christensen (Noord-Boland)
Nicky & Derich (Albetros

# Nasionale Toekennings



Pieter Henning

Nasionale Meriete



Johan en Ohna Oosthuizen

Nasionale Meriete



Petrus en Janine Theron

Nasionale Ere Hoër Graad



Niël Goslett

Presidentsdas

Gelukkige trekking wenners
Hul kry die naweek se kampgeld terug.



Maritz en Louizette Wahl



Ons is bevoorreg om Niël Goslett, Nasionale voorsitter, in ons streek te hê. Baie geluk met die herverkiesing tot die amp. Hy en Rozèl het Saterdag na die vergadering deur gery om saam met ons te kom kamp.

# SAWA SWK Kamp Datums 2025/2026

| DATUM VAN KAMP | | | PLEK | BESTUURSLID VERANTWOORDELIK |
|---|---|---|---|---|
| NOVEMBER | 2025 | 21 - 23 | Hollandsche Molen (Kerskamp) | Claries Van Der Merwe |
| JANUARIE | 2026 | 23 - 25 | Skurwekop, Robertson | Nienke Snyman |
| FEBRUARIE | 2026 | 20 - 22 | Skimkamp | Claries Van Der Merwe |
| MAART | 2026 | 13 - 15 | GEBIEDSKAMP - Hollandsche Molen | Eugene Van Der Merwe |
| APRIL | 2026 | 24 - 27 | Berg en Water, Rawsonville | Eugene Van Der Merwe |
| MEI | 2026 | 22 - 24 | Onrus, Hermanus | Pieter Henning |
| JUNIE | 2026 | 19 - 21 | Kleine Paradys, Piketberg | Pieter Henning |
| JULIE | 2026 | 24 - 26 | Montagu Karavaan Park, Montagu | Nienke Snyman |
| AUGUSTUS | 2026 | 26 - 27 | SENIOR KAMP | Noord Boland |
| | | 28 - 30 | AJV - Albetros | Eugene Van Der Merwe |
| SEPTEMBER | 2026 | 11 - 13 | Altyd Water, Rawsonville | NUWE BESTUUR |
| OKTOBER | 2026 | 9 - 11 | Guano Caves, Montagu | NUWE BESTUUR |
| NOVEMBER | 2026 | 27 - 29 | Koningskop, Citrusdal | NUWE BESTUUR |

# Bollie blad




Julle was mooi soet gewees die naweek of anders het die nuus nie by my uitgekom nie.




**Lag maar lekker, volgende keer is jy dalk op die bollie blad.**

*__Ons volgende kamp is by__ De Hollandsche Molen Kerskamp 21 - 23 Nov 2025
*Eie Lede 19, Anders streke 2, Gaste 1
*Bestuurslid verantwoordelik: Nienke Snyman
*Foto's geneem deur Petrus tensy anders aangedui. Dankie vir die foto-bydraes.
..Stuur gerus van jul foto's vir my, na 'n kamp.
*Kommentaar is altyd welkom. Epos: theron665@gmail.com
*Petro Steyn baie dankie vir jou hulp.



Petrus Theron